

**Maandag 24 Augustus**

**Skrifgedeelte: Prediker 3:1-12**

**Fokusgedeelte: Prediker 3:9**

### **Alles het 'n tyd**

“**A**lles op sy tyd”, het die ouer geslag gesê. Dit sê ons veral aan mense wat iets wil doen op 'n verkeerde tydstip. Jy saai nie in die oestyd nie.

Die Prediker noem 'n lang reeks sake wat hulle bepaalde tyd en uur het en vra dan: “Wat kry die mens vir die werk waarmee hy hom bemoei?” God het 'n harde taak aan die mens gegee om hom mee besig te hou.

Die Prediker sê vir ons dat ons menslike bestaan nietig is. Verlossing hieruit kom alleen deur die werk van Jesus Christus. Verder: God lei mense van geslag tot geslag. En alles staan onder God se beherende gesag: om te huil of om te lag, om oorlog te maak of vrede te sluit.

Ons leef van God se genade elke dag, elke jaar. Onder God se hand is daar versorging, liefde, vrede, vreugde. Dit is dan nie die mens se “goedheid” dat hy kan eet, drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Dit is 'n gawe uit God se hand.

Die Prediker wil sê: Vir die mens lyk al jou werk na 'n gejaag na wind. Maar wat God deur jou handewerk doen, bly staan. Teenoor die werk van mense wat vergaan, bly die werk van God vir ewig.

Toe Christus aan die kruis uitgeroep het: “*Dit is volbring*” (Joh. 19:30), het Hy die werk wat die Vader Hom gegee het, klaar gemaak. Sodat jou en my werk(e) nie nietig en nutteloos sal wees nie. Kyk hoe groot is God se werke. Daar kan nie daarvan weggeneem of daaraan toegevoeg word nie.

Sou ons dan nie so 'n Almagtige God dien nie? Hy wat ons in ons tyd op aarde sinvol laat werk tot sy eer.

*Sing: Psalm 128-1:3, 4*

*Ds. JF Mouton (Koos) (Emeritus)*